

Kyk op !

Teks: Numeri 21: 4 - 9

Teksvers: Numeri 21: 8

1. Inleiding

In die moderne wêreld waarin ons leef word baie gemaak van gelykheid. Ons hoor die elke dag, veral as daar oor menseregte ensovoorts gepraat word. Almal is gelyk en het gelyke regte. Niemand is hoër of beter as 'n ander persoon nie. En as iemand so waag dink en leef, dan word hy vinnig negatief hanteer deur die wêreld en media. Dus kan ons sê dat ons fokus horisontaal is, en ons aangemoedig word dat dit moet wees. In 'n tipiese Ateïstiese uitkyk op die lewe is daar nie iets hoër of magtiger as ek self nie, of hoe?

En hierdie prentjie mag dalk lyk of dit goed werk solank alles voor die wind gaan. Solank alles goed gaan is daar miskien geen rede om 'n ander uitkyk as die horisontale uitkyk te hê nie. Ja, selfs tot in die ekstreme afguns word daar dan maklik op mekaar gefokus. Daar word maklik gesê maar hy/sy het wat eintlik vir my toekom. Ons sien natuurlik al iets hiervan ook in Numeri 21 waar die volk reken dat dit in Egipte tog beter met hulle gegaan het.

Maat wat as die prentjie verander as 'n ramp of pandemie toeslaan? Skielik is daar giftige sklange in die woestyn. En die volk lei en sterf onder hierdie slange. Nou is horisontale fokus nie meer so belangrik nie. Skielik word daar opnuut weer gefokus op vertikale verhoudings. Moses word genader om tot die Here te bid.

Is dit miskien waar ons ook onself vandag bevind. Die corona pandemie veroorsaak ongekende maatreëls. En skielik is gelykheid en regte nie so belangrik soos 'n regering wat die mense moet beskerm nie. Skielik word daar maklik opgekyk na 'n regering wat dikwels eintlik verag word in ons samelewing. Maar wat van nog hoër as die regering. Ja in die afgelope week het selfs die regering mense aangemoedig om nog hoër te kyk. Om te bid tot die Here die almagtige. Nou is die vraag vanoggend: Waarna kyk ons as ons op kyk?

2. Die sonde

Om hierdie vraag te beantwoord bestudeer ons vanoggend 'n eienaardige teksgedeelte. Ons kyk na die gedeelte oor die koperslang op die paal in Numeri 21 wat ons saamgelees het. Wat vir ons snaaks is dat die slang van koper of brons wat Moses op die paal aanbring genesing bring vir slagoffers van die slangbyte. En wat dit nog meer eienaardig maak is dat Moses nie die wil van die Here hier weerstrewen nie. Hy voer die opdrag van die Here self uit.

Om net dinge nog bietjie verder deurmekaar te maak weet ons ook dat die slang of beeld van die slang in die christelike geloof oorwegend negatief is. Dink maar aan teksgedeeltes soos Eva en die slang in Genesis 3 en die slang van ouds in Openbaring 12. En dan om dinge finaal te veroordeel word hierdie einste koperslang in 2 Konings 18 deur Hiskia vernietig saam met al die ander afgode wat die volk aanbid het. Hoekom het dan die genesing in Numeri 21 as opdrag van die Here?

Kom ons verduidelik dit as volg. Die beeld van die slang bly negatief en sleg ook hier in Numeri 21. Die bly die mens aan die hakskeen byt. Want dit bly die beeld van die sonde. Die sonde wat die mens uit God se teenwoordigheid uit verwyder. Daarom ook die giftige slange wat die mense byt in ons teksgedeelte. Die gif soos die sonde deurdrenk die hele menslike liggaam en uiteindelik sterf dit. Maar dit is juis daarom dat dit so belangrik is.

Dit is die rede waarom die slang verhef word op die paal. Want 'n giftige slang is nie jou speelmaat nie. Selfs vandag nog wanneer ons hulle gewaar hier in die dorp roep ons kenners in om hulle te kom hanteer. Net so moet ons nie sonde te ligtelik opneem neem nie. Nee sonde moet verhef word op 'n paal. En daar moet die met afsku aanskou word wanneer 'n mens daarna opkyk. Dit bly die menslike vyand wat ons met respek, maar ook afsku moet hanteer. Dit is die eerste ding wat ons sien wanneer ons opkyk.

3. Die Verlossing

Wat hierdie teksgedeelte ook so eenaardig maak is dit wat ons leer wanneer ons die goeie beginsel van skrif met skrif vergelyking toepas. Wat waar die skrif met skrif vergelyking veronderstel is om vir ons meer duidelikheid te bring, lyk dit of dit meer verwarring in hierdie situasie bring. Die teksgedeelte waarna ons verwys is natuurlik Johannes 3:14 wat soos volg lees: "14Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, 15sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê."

Duidelik vergelyk Johannes ons Here Jesus Christus met die Koperslang uit ons teksgedeelte. En skielik het ons weer opnuut hierdie konflik as gevolg van negatiewe beeld van die slang in die geloof. Maar hierdie konflik binne ons is eintlik dan juis die resultaat van 'n verkeerde beskouing van Jesus Christus aan die kruis. Want alhoewel Christus nooit enige sonde gedoen het nie, is 2 Korinthiers 5:21 waar: "21Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel

Met ander woorde wat daar aan die kruis gehang het was sonde. Die totale sonde van die al die uitverkiesde mense. Dit was so erg dat Vader so afsku daarin gehad het dat Hy daar nie teenwoordig wou wees nie, wanneer Jesus uitroep waarom het U my verlaat in Matteus 27.

Dus wanneer ons opkyk na die kruis dan is dit so dat ons 'n liefdevolle Verlosser sien. Maar dit is dan juis hierdie Verlosser, Ons Here Jesus wat ons sondes op Hom neem. Dit doen Hy wanneer Hy verhoog word op die kruis soos die slang in die woestyn verhoog is op die paal. Daarom is dit dan ook net daar waar ons verlossing van die sonde kry genadiglik neem Christus ons straf op ons sondes op Hom.

En daarom wanneer ons vandag nog in geloof op kyk na die kruis gaan ons nie verlore nie maar ontvang die ewige lewe soos wat Johannes 3:15 aan ons openbaar.

4. Ook nou.

Soos ons aan die begin gesê het, in krisistye soek mense iets of iemand om na op te kyk. Dit is dan wanneer jy met graagte gelykheid inruil vir iemand of iets sterker. Iemand of iets sterker wat die gevaar of vyand kan oorwin. Ons wil graag opkyk na iemand of iets wat die uitkoms sal bring. En diep binne ons self weet ons meer is nodig as 'n effektiewe medikasie en entstof vir die virus. Meer is nodig as 'n effektiewe regering met sterk polisie en weermag of verspreiding te beheer. Meer is nodig as blote verantwoordelike mede landsburgers. Want op die einde al oorleef ons die Covid-19 pandemie moet ons tog wel uiteindelik die dood tegemoet gaan.

Maar as ons ook vandag opkyk na die kruis, dan is daar steeds verlossing en die ewige lewe ook vir my en jou as uitverkiesde. Dan weet ons selfs midde hierdie tragedie wat ons tans beleef is ons veilig in die hande van die Here. Daarom selfs waar ons elkeen vanoggend in afsondering tuis aan hierdie erediens deelneem. Ja daar waar ons nie horisontaal kan rondkyk weens afsondering nie. Daar kan ons ons steeds vandag opkyk na die Here. Kom ons kyk met geloofsoë op na Verlossing in ons Here Jesus Christus vandag.

Wanneer ons dit gereeld doen, ook nou in hierdie tyd van afsondering, sal dit vir ons perspektief gee. Daardie hemelse perpektief wat groter is as die houvas wat die sonde op ons het. Want soos wat baie Isrealiete in ons teksgedeelte weens giftige slangbyte om gekom het, gaan baie gelowige dalk ook nog sterf as gevolg van die carona virus. Maar in lewe en sterwe kan ons opkyk na ons Verlosser, ons Here Jesus Christus wat ons met Sy kosbare bloed losgekoopte uit die verderf. Kyk vandag op en leef.

5. Slot

Ten slotte kan ons vandag afsluit met 'n paar verkeerde toepassing van die teksgedeelte. Eerstens in ons teksgedeelte is dit duidelik dat die opstand teen Moses en die Here die oorsaak van die giftige slange was. Die Here stuur dus die giftige slange om die volk te straf vir hulle opstandigheid. Hulle word weens hulle opstandigheid aan die bese oorgegee. Ons kan dit nie sê

van die carona virus nie. Want indien ons die virus sou sien as die straf op 'n spesifieke sonde wat ons gepleeg het, kan 'n mens vra waar is die redding en verlossing van Christus dan. Nee hierdie virus is deel van die gebroke natuur waarin ons steeds leef in afwagting op die wederkoms. En dit is natuurlik die sonde se skuld dat die natuur gebroke is. Maar hierdie virus sal ongelowige en ware gelowige tref. Want beide sal uiteindelik in hierdie bedeling sterwe, maar die gelowige het voorreg om in die volgende bedeling te lewe.

Daarom is die volgende verkeerde toepassing om die geloof soos salf op 'n seerplek aan te smeer en te hoop die virus verdwyn net. Alhoewel die Here meer as in staat is om hierdie virus net so te laat verdwyn, wil Hy ons met soveel meer seën as blote uitwendige mediese gesondheid. Hy wil ons harte kom nuut maak deur die werking van Heilige Gees. Daardie werking wat ons die in geloof die verlossing in ons Here Jesus Christus laat vasgryp. Hy wil ons nie geestelik net bewaar van al die slangbyte nie. Maar die Here wil ons geestelik en uiteindelik ook fisies in die beloofde land in lei. Om in die Hemel vir ewig in Sy volle teenwoordigheid te wees. Daarom kan ons vandag al op kyk daarheen met 'n intense verlange

Amen